

## Van raaisel tot openbaring



---

### SABBATMIDDAG

#### Skrifverwysings vir hierdie week se studie:

Daniël 2:1-16, Handeling 17:28, Dan. 2:17-49, Ps. 138, Joh. 15:5, Deut. 32:4, 1 Pet. 2:4.

#### Geheeteks:

“Daniël het toe gespreek en gesê: Mag die Naam van God geprys word van ewigheid tot ewigheid, want die wysheid en die krag is syne” (*Daniël 2:20, OAB*).

**I**n die Groenlandse gebiedswaters is ’n magdom stukke drywende ys. Soms drywe die kleiner ysbanke in een rigting, terwyl hul massiewe eweknieë – die ysberge – in ’n ander rigting drywe. Dit gebeur omdat die kleiner ysbanke deur wind aangedrywe word, terwyl die reusagtige ysberge deur diep oseaanstrome meegesleur word. Wanneer ’n mens die volgehoue opkoms en val van nasies in die wêreldgeskiedenis bekyk, is daar ook dryfvere wat baie soos die oppervlakwinde en die oseaanstrome is. Die wind versinnebeeld alles wat vlietend en veranderlik is, soos die wil van die mens. Tog is daar, te midde van hierdie ruk- en stormwinde, ook ’n ander krag wat op die wêreldgeskiedenis inwerk; een wat sterker is en grotendeels met die oseaanstrome ooreenstem. Dit is natuurlik die verborge en volgehoue werking van die Almagtige, van sy wysheid en sy onwankelbare Godsplan. Soos Ellen G. White tereg opmerk: “Soos die wyd uitgestrekte sterrestelsels, met elke ster in sy aangewese baan, so is die Godsplan. Dit ken geen haas of vertraging nie” (*The Desire of Ages*, bl. 32). Hoewel die opkoms en val van die nasies, ideologieë en politieke partye op die oog af aan die besluite van die wispelturige mens toe te skryf is, toon Daniël 2 ’n ander prentjie – dat die God van die hemel inderwaarheid die geskiedenis na sy skouspelagtige eindpunt voer.

*\*Bestudeer hierdie week se les as voorbereiding vir Sabbat, 18 Januarie.*

## Die byblywende God

**Lees Daniël 2:1-16. Watter krisis staar al die Judese ballinge in die gesig as gevolg van die droom wat God aan die koning van Babilon gegee het?**

Vir die mense van die antieke wêreld was drome 'n saak van groot erns. Sommige is as voorbodes gesien en het dikwels op een of ander dreigende ramp gedui. Dit verklaar hoekom Nebukadnesar so behep met syne was. Boonop was die feit dat hy dit nie kon onthou nie besonder onheilspellend. Die koninklike raadgewers (oftewel wyse manne) van ouds – d.w.s. die towenaars, voorspellers, goëlaars en sterrekykers – het geglo dat die Babiloniese gode alle drome kon uitlê, maar hier in Daniël trap hulle skielik onklaar. Die koning het immers vergeet wat hy gedroom het. As hy tog net kon onthou, sou hulle met 'n bevredigende interpretasie vir die koning vorendag kon kom. Ongelukkig sit die koninklike raadgewers toe met 'n splinternuwe probleem – hulle kon nie sê wat die koning gedroom het nie! Gevolglik bieg die sterrekykers: “Wat u vra, is te moeilik, daar is niemand wat dit vir u kan doen nie, behalwe die gode, en hulle woon nie onder die mense nie” (*Dan. 2:11, NAB*). Uit pure frustrasie beveel Nebukadnesar dat al die koninklike raadgewers van Babilon tereggestel moet word. Sulke gruweldade was algemeen in die antieke wêreld. Geskiedkundige bronne toon inderdaad dat Darius I vanweë 'n sameswering in sy ryk al sy raadgewers om die lewe laat bring het, en dat Xerxes die Grote (oftewel Ahasveros) na die ineenstorting van 'n brug dieselfde met sy ingenieurs laat doen het. Toe Nebukadnesar se dekreet uitgevaardig is, was Daniël en sy vriende net mooi klaar met hulle opleiding en is hulle pas toegelaat tot die koninklike raadgewerspan. Hulle was dus deel van die terdoodveroordeelde. Om die waarheid te sê, dit blyk uit die oorspronklike Aramees dat die teregstellings alreeds aan die gang was, en dat Daniël en sy vriende volgende aan die beurt was. Dit is toe dat Daniël die koning se laksman, Arjok, “taktvol en diplomaties” nader (*Dan. 2:14, Nuwe Lewende Vertaling*). Uiteindelik rig Daniël 'n versoek – en boonop direk aan die koning – vir tyd om die raaiselagtige droom te ontvang en uit te lê. Wonder bo wonder kom hy Daniël tegemoet. Die jong profeet word dadelik ekstra tyd gegun, maar nie die ander koninklike raadgewers toe hulle om uitstel gevra het nie. Nee, hulle word daarvan beskuldig dat hulle tyd probeer wen het. Nietemin stem Daniël saam met die ander raadgewers: niemand kan sulke geheimenisse uitlê nie, dit is inderdaad bokant die mens se vuurmaakplek. Dan voeg hy by: maar ek ken 'n God wat beide die droom en sy uitleg bekend kan maak.

**Teoloë praat van die byblywendheid van God. (In Engels noem hulle dit sy “immanence” en is die teenoorgestelde van sy “transcendence”, oftewel sy allesoortreffendheid). God se byblywendheid beteken dat God intiem by sy skepping betrokke is, ten spyte van die feit dat Hy bokant dit verhewe is. In hierdie verhaal uit die boek Daniël sien 'n mens hoe die verhewe Hemelkoning 'n droom aan die aardse Nebukadnesar gee. Wat leer ons daaruit oor die omvang van God se byblywendheid? (Lees ook Hand. 17:28.)**

## Die gebed

Daniël roep dadelik sy vriende nader. Hy verduidelik aan sy vriende dat hy en hulle tereggestel gaan word as die Here nie ingryp en die droom aan hulle bekend maak nie, en dat hulle derhalwe die Here om leiding moet bid. Wanneer krisisse opduik, moet ons op die Here vertrou. Hy is groter as die grootste probleem. By Hom is die oplossing.

**Lees Daniël 2:17-23. Daniël bid tweemaal, maar telkens is dit 'n ander soort gebed. Noem die twee soorte.**

---

---

In hierdie hoofstuk het ons twee soorte gebede. Die eerste is 'n smeekgebed waarin Daniël die Here vra om die droom en sy uitleg aan hom bekend te maak (*Dan. 2:17-19*). Die presiese bewoording van daardie gebed word egter nie vermeld nie. Hier is wat ons wel weet: Daniël het sy vriende “gevra om saam met hom by die God van die hemel te pleit vir hulp om die geheim van die droom te ontrafel sodat Daniël en sy vriende nie saam met die res van die raadgewers in Babel doodgemaak word nie” (*Dan. 2:18, NLV*). So verhoor die Here dan hulle gebede. Daniël ontvang die droom en die uitleg. As gelowiges het ons dus die geloofsekerheid: as ons “by die God van die hemel pleit,” sal Hy ons gebede verhoor, selfs al is dit nie op so 'n dramatiese wyse as wat 'n mens hier lees nie. Ja, ons aanbid dieselfde God as Daniël en daarom slaan Hy ook op ons gebede ag.

In antwoord op daardie gebedsverhooring trek Daniël-hulle los met 'n lof-en-dank-gebed tot God. Hulle prys die Here as die Een van wie alle wysheid kom, as die Een wat in beheer van die natuur en van polities-geskiedkundige verwickelinge is. Dit gee 'n mens egter stof tot nadenke – ons bid tot God en pleit by Hom vir so baie dinge, maar hoe dikwels loof en dank ons Hom vir die gebede wat Hy reeds verhoor het? Jesus het dit eerstehands beleef met die tien melaatses, 'n verhaal wat tekenend van die mens se ondankbaarheid is. Net een van die tien kom “om God die eer te gee” (*Luk. 17:18, NAB*). Daniël se reaksie op gebedsverhooring herinner ons aan die belangrikheid van danksegging en lof. Ons reaksie openbaar egter ook die karakter van die God wat ons aanbid. Ons kan immers op Hom staatmaak wanneer ons bid, Hy sal alles vir ons ten goede laat meewerk; gevolglik kan ons nie anders as om Hom deurentyd te loof en te dank nie.

**Lees Psalm 138. Hoe help hierdie dankgebed 'n mens om, ongeag jou omstandighede, dankbaar teenoor God te wees?**

---

## Die beeld (Deel 1)

**Daniël 2:24-30. Watter belangrike ding sê Daniël hier wat 'n mens altyd in gedagte behoort te hou? (Lees ook Joh. 15:5.)**

---

In reaksie op die profeet se versoek, maak God die koning se droom en ook die uitleg aan Daniël bekend. Boonop huiwer Daniël nie om te sê wie die raaiselagtige droom openbaar het nie: die “God in die hemel.” Dan kom die kersie op die koek: voordat die inhoud en uitleg van die droom aan die koning oorgedra word, noem Daniël dat die koning onrustig geslaap het, dat iets hom gepla het. Hierdie situasiegebonde inligting steun die geloofwaardigheid van die profeet se getuienis, want dit is inligting wat net aan die koning bekend was, en wat Daniël slegs by 'n bonatuurlike mag kon kry. Terwyl Daniël egter begin om die inhoud van die droom bekend te maak, dreig 'n nuwe krisis – hy moet slegte nuus aan die heerser van 'n magtige wêreldryk bring.

**Lees Daniël 2:31-49. Wat is die lot van Nebukadnesar se koninkryk volgens die droom?**

---

Die koning se droom gaan oor 'n ontsaglike beeld. “Die beeld se kop was van suiwer goud, sy bors en sy arms van silwer, sy maag en sy heupe van brons. Sy bene was van yster en sy voete deels van yster en deels van klei” (*Dan. 2:32, 33, NAB*). Op 'n stadium kom 'n groot klip deur die lug en “tref die beeld teen die voete van yster en klei” (*Dan. 2:34, NAB*). Die beeld spat uitmekaar, met die skerwe wat soos kaf in die wind weggewaai word. Toe verduidelik Daniël dat dit die loop van die geskiedenis uitbeeld, dat die metale op opeenvolgende koninkryke dui. Vir Nebukadnesar is die boodskap egter duidelik: Babilon, met al sy mag en aardse heerlikheid, sal tot 'n val kom en deur 'n ander moondheid vervang word, en daardie koninkryk sal op die beurt weer deur ander vervang word, totdat 'n heeltemal anderse soort koninkryk gevestig sal word: God se ewige koninkryk wat vir altyd sal duur.

**Kyk net hoe vlietend en tydelik alle mensgemaakte dinge is. Wat sê dit vir ons oor Jesus as ons groot en enigste hoop (lees Joh. 6:54, 2 Kor. 4:18)?**

---

## Die beeld (Deel 2)

**Lees weer die inhoud en uitleg van die droom (Dan. 2:31-49). Wat sê dit vir ons aangaande God se voorkennis oor wêreldgebeure?**

---

Die voorspellings in Nebukadnesar se droom bied ons 'n basiese profetiese raamwerk vir die meer gedetailleerde profesieë in hoofstukke 7, 8 en 11. Die droom in hoofstuk 2 is boonop 'n maatstaf waarteen die ander gemeet kan word. Voorts is Daniël 2 nie 'n voorwaardelike profesie nie. Dit is apokalipties en openbaar 'n vasgestelde toekoms. Dit toon God se voorsienigheid asook die dinge wat Hy uiteindelik tot stand sou bring en nog tot stand gaan bring.

1. Die kop van goud stel Babilon (626-539 v.C.) voor. Daar is beslis geen beter metaal om die mag en rykdom van die Babiloniese Ryk mee uit te beeld nie. Sommige Engelse vertalings verwys na Babel as “the golden city” (*Jes. 14:4*). Let ook op Jeremia 51 vers 7: “Babel was 'n goue beker in die hand van die Here” (NAB, vgl. met Op. 18:16). Die antieke geskiedskrywer, Herodotus, noem dat die stad oordadig met goud versier was.

2. Die bors en arms van silwer versinnebeeld Medo-Persië (oftewel die Mede en die Perse, 539-331 v.C.). Silwer is minder as goud werd, 'n aanduiding dat die Medo-Persiese Ryk nooit dieselfde grootsheid as Babilon sou bereik nie. Daarbenewens is silwer 'n gepaste simbool vir die Perse wat dit vir belastingdoeleindes gebruik het.

3. Die heupe, buik en dye van brons versinnebeeld die Grieke (331-168 v.C.). In Esegïël 27:13 word hulle beskryf as mense wat koperware uitgeruil het. Griekse soldate was ook bekend vir hul brons wapenuitrustings; met hul helms, skilde en strydbyle wat daarvan gemaak was. Herodotus noem dat Griekse seerowers Egipte binnegeval het en dat laasgenoemde se koning, Psamtik I, dit as 'n vervulling van 'n plaaslike profesie gesien het, naamlik dat “bronsmense oor die see sal kom.”

4. Die bene van yster dui tereg op Rome (168 v.C. tot 476 n.C.). Soos Daniël inderdaad ook noem, simboliseer yster die Romeinse Ryk se verpletterende mag, 'n ryk wat langer as enige van die ander koninkryke geduur het. Yster is 'n uiters gepaste metaal vir dié wêreldryk.

5. Die voete wat deels van yster en deels van klei was verteenwoordig 'n verdeelde Europa (476 n.C. tot die wederkoms van Christus). Die gemengde yster en klei beeld die stand van sake na die verbokkeling van die Romeinse Ryk netjies uit. Hoewel baie pogings al aangewend is om Europa te verenig – van ooreenkomste tussen lande deur adellike ondertrouery tot die teenswoordige Europese Unie – kan die verdeeldheid en onenigheid net nie afgeskud word nie, 'n gefragmenteerdeheid wat volgens hierdie profesie sal voortduur totdat God sy ewige koninkryk op aarde kom vestig.

## Die verpletterende rots

**Lees Daniël 2:34, 35, 44 en 45. Wat sê hierdie skrifgedeelte vir ons oor die aarde se lot?**

Die kern van hierdie droom is eindtydgebeure – “wat aan die einde van die dae sal gebeur” (*Dan. 2:28*). Ten spyte van die mag en rykdom wat die yster-en-klei-koninkryk geniet het, is dit bloot tussentyds, totdat die rots-koninkryk sy verskyning maak. Tot ’n mate is die metale en die klei-materiaal wat deur mensehande verwerk word, terwyl die rots en sy trajek uitsluitlik ’n bomenslike oorsprong het. Met ander woorde: hoewel elk van die voorafgaande koninkryke tot ’n einde kom, is die komende klip-koninkryk ewigdurend. Die rots-metafoor (oftewel klip-metafoor) simboliseer dus die Almagtige (*lees byv. Deut. 32:4, 1 Sam. 2:2 en Ps. 18:31*), ’n metafoor wat insgelyks as ’n uitbeelding van die Messias beskou kan word (*Ps. 118:22; 1 Pet. 2:4, 7*). ’n Rots[klip] is dus die mees geskikte beeld vir die vestiging van God se ewige koninkryk.

Sommige meen dat Jesus se aardse bediening die begin van daardie rots-koninkryk is en dat die wydverspreide verkondiging van die evangelie toon dat God se koninkryk inderdaad wêreldwyd oorgeneem het. Tog ontstaan die rots-koninkryk eers nadat die vier groot koninkryke geval en die mensdom die einde van die verdeelde koninkryk – die beeld se voete en die tone – bereik het. Hierdie feit skakel ’n eerste-eeuse vervulling van hierdie profesie uit, aangesien Jesus se aardse bediening in die era van Romeinse oorheersing – tydens die vierde koninkryk – was.

Die klip word uiteindelik deur ’n groot rots vervang (oftewel die “rots” deur ’n “berg,” afhangende van die vertaling). Die Nuwe Lewende Vertaling sê: “Die rots wat die beeld verpletter het, het ’n groot berg geword wat die hele aarde bedek het” (*Dan. 2:35, OAB*). Hierdie berg laat ’n mens aan die Sionsberg dink, die tempel van ouds se staanplek, wat in Ou Testamentiese tye ’n tasbare voorstelling van God se koninkryk op aarde was. Interessant genoeg het die klip (oftewel die rots) losgebreek. Hieruit kan ’n mens aflei dat die rots wat ’n berg geword het eers deel van ’n ander berg was (wat die OAB ook dan pertinent sê). Die bestaande (oftewel eerste) berg dui waarskynlik op die hemelse Sion, die hemelse tempel, waarvandaan Christus sal uitgaan om sy ewige koninkryk op aarde te kom vestig. Die Jerusalem wat eendag vanuit die hemel sal neerdaal (*Op. 21:1 tot hfst. 22:5*), is die uiteindelige vervulling van die rots-koninkryk.

**Daniël 2 was tot dusvêr in die kol oor al die opeenvolgende koninkryke en moondhede. Hoekom is dit dus logies en ook slim om ook die deel oor die heel laaste koninkryk – God se ewige koninkryk – te glo? Hoekom sal dit irrasioneel wees om nie die deel oor die rots-koninkryk te glo nie?**

## Vir verdere studie:

Besonder insiggewend is die feit dat die beeld in Daniël 2 onder andere van goud en silwer is, metale wat met ekonomiese mag verbind word. Die beeld bestaan ook uit brons en yster, wat destyds vir die maak van gereedskap en wapens gebruik is, en van klei wat in antieke tye letterkundige en huishoudelike gebruike gehad het. Die beeld in Daniël 2 is dus 'n netjies uitbeelding (soos die woordspel ook heel gepas aandui!) van die mensdom en al ons prestasies. Die beeld se onderskeie liggaamsdele is ook geweldig betekenisvol, want dit is 'n knap versinnebeelding van die opeenvolgende wêreldmagte en die uiteindelijke gefragmenteerdeheid in die pylvak van die wêreldgeskiedenis. Daarenteen is die klip (of rots) skielik anders as die ander beelde, want dit het “sonder toedoen van mensehande” losgeraak en die beeld getref (*Dan. 2:45, OAB*) – wat die leser op 'n kragtige wyse daaraan herinner dat hierdie tydelike wêreld met sy menslike prestasies deur die bonatuurlike tot 'n einde gebring gaan word. Hoewel dit “gesien vanuit 'n menslike perspektief, lyk of die wêreldgeskiedenis 'n warboel van strome en teenstrome is... bied Daniël [ons] die versekering dat God aan stuur van sake is, dat Hy bo ons én in ons midde is, besig om Sy wil ten gunste van die mensdom te volbring” (William H. Shea, *Daniël: A Reader's Guide* [Nampa, Idaho: Pacific Press, 2005], bl. 98).

## Vrae vir bespreking:

1. Die besef dat God, te midde van al die chaos en lyding op aarde, in werklikheid in beheer is en dat Hy alles tot 'n glorieryke einde gaan bring, is besonder vertroostend. Die vraag is net: Wat is óns bydrae ten bate van die mens? Wat is óns bydrae ter verligting van die seer- en swaarkry op hierdie gevalle planeet?
2. Hoe verklaar 'n mens Daniël en die ander Judese ballinge se nougesette en waarskynlik lojale diens, en dit aan 'n heidense koning wat soveel skade aan die Judeërs aangerig het?
3. Soos ons reeds gesien het, meen sommige Christene dat die rots wat sonder menslike toedoen losgeraak het, op die wêreldwye verkondiging van die evangelie dui. Dit is natuurlik om verskeie redes verkeerd, met Daniël 2:35 as een van die teenargumente, waar dit sê dat die rots die onderskeie ryke fynstamp sodat dit soos kaf word “wat die wind wegneem, sodat daar geen spoor van gevind word nie” (*OAB*, tydsvorm van laaste werkwoord aangepas). Dit het beslis nie na die kruisiging van Christus gebeur nie. Voorts sien party Christene die klip- (oftewel rots-koninkryk) as die kerk. Ongelukkig kyk hulle die feit dat die rots-koninkryk alle vorms van mensgemaakte oorheersing tot 'n einde bring, mis. Die koninkryk van God neem die ganse aarde in beslag. Duidelik kan slegs Jesus se wederkoms die wêreldveranderende oorgang wat in hierdie profetiese droom beskryf word, teweegbring. Hoekom is die wederkoms van Jesus dus die enigste sinvolle uitleg vir die verandering wat die beeldtreffende rots in die eindtyd meebring?